

7 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 94

Ons hoop op die Here

Hoe lank nog Here? Dit is die brandende vraag in hierdie Psalm. Waarom kom die Here nie en straf die onreg wat hier op aarde so floreer nie? Waarom laat die Here die onreg nog voortduur? Hoe is dit moontlik dat mense spog met die sondige dade wat hulle pleeg en blykbaar skotvry daarvan afkom? Kyk hoe vermetel is hulle en dan reken hulle dat die Here dit nie raaksien nie.

Hoe lank nog Here? Dit is 'n vraag wat telkens in die Psalms voorkom. Ons hoor dit egter ook by die profete, in die briewe en tot in die laaste Bybelboek (Op 6:10).

In Psalm 94 word ook direk met die daders van onreg gepraat. Dink hulle dat Hy wat die oog en die oor gemaak het die onreg nie sien en hoor nie? Wat hulle doen is dwaasheid – hulle hou nie in hulle optrede rekening met die lewende God nie. Kan hulle dit dan nie insien nie?

Die Psalmdigter vind rus in die wysheid wat God gee. Dit gee hom geduld terwyl hy op die Here wag. Al lyk dit of onreg die oorhand het, weet hy dat die Here regeer en ook eendag sal oordeel.

Sy hoop en ons hoop is op die Here alleen. Hý is die rots waar ons kan skuil en wag en hoop op die toekoms wat God gee!

Sing: Psalm 94:2,3,8

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)